



BUITENGEWONE  
**OFFISIËLE KOERANT**  
van Suidwes-Afrika.  
Uitgegee op gesag.

**OFFICIAL GAZETTE**  
EXTRAORDINARY  
of South West Africa.  
Published by Authority.

---

1/- Woensdag, 26 Januarie 1938. WINDHOEK Wednesday, 26th January, 1938. No. 737

---

Die volgende Ontwerpordonnansies wat gedurende die Vierde Sessie van die Derde Wetgewende Vergadering ingedien sal word, word vir algemene informasie gepubliseer.

J. NESER,  
Waarn. Sekretaris vir Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek.

The following Draft Ordinances, which will be introduced during the Fourth Session of the Third Legislative Assembly, are published for general information.

J. NESER,  
Actg. Secretary for South West Africa.

Office of the Administrator,  
Windhoek.

	<i>Bladsy.</i>		<i>Page.</i>
Aanneming van Kinders Wysigingsordonnansie 1938	1097	Adoption of Children Amendment Ordinance, 1938	1097
Wysigingsordonnansie op Lisensieregte vir Brouers en Distilleerders 1938	1097	Brewers and Distillers Licences Duty Amendment Ordinance, 1938	1097
Wysigingsordonnansie op Landbouplae 1938	1098	Agricultural Pests Amendment Ordinance, 1938	1098
Wysigingsordonnansie op Dorpsbesture 1938	1098	Village Management Boards Amendment Ordinance, 1938	1098

## ONTWERPORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die wysiging van die wet met betrekking tot die aanneming van kinders.

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suidwes-Afrika, as volg:—

1. Paragraaf (d) van subartikel (1) van artikel vier van die Aanneming van Kinders Ordonnansie 1927 (Ordonnansie No. 10 van 1927) word hiermee gewysig deur die volgende voorbehoudsbepaling aan die end daarvan toe te voeg:—

“met dien verstande dat die amptenaar wat aangestel is as Registrateur van Aangenome Kinders, ooreenkomstig Goewermentskennisgewing No. 154 van 1927 van 10 September 1927, sy geldige toestemming tot die aanneming kan gee, in plaas van die kind, wanneer sodanige amptenaar oortuig is:

- (i) dat die kind self tot die aanneming sou toestem indien dit gevra word om te kies of dit aangeneem wil word;
- (ii) dat, onder die omstandighede van die geval, dit nie in die belange van die kind sou wees nie om van die feit dat dit aangeneem is in kennis gestel te word.”

Hierdie Ordonnansie heet die Aanneming van Kinders Wysigingsordonnansie 1938.

## ONTWERPORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die wysiging van die wet met betrekking tot die betaling van lisensieregte deur Brouers van bier.

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suidwes-Afrika, as volg:—

1. Paragraaf (a) van artikel een van die “Brouers en Distilleerders Licentie Belasting Proklamatie 1924” (Proklamasie No. 3 van 1924), soos gewysig deur die Wysigingsordonnansie op Lisensieregte vir Brouers en Distilleerders 1937 (Ordonnansie No. 14 van 1937) word hiermee verder gewysig deur die volgende woorde aan die end van subparagraaf II daarvan toe te voeg:

“Verkopingen onder zodanige licentie zijn beperkt tot de volgende uren, nl.:

Weekdagen . . . . .	8 v.m. tot 6 n.m.
Zaterdag . . . . .	8 v.m. tot 1.30 n.m.

Geen verkopingen zijn toegelaten op Zondag, Goede Vrydag of Kersfeesdag”.

2. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Lisensieregte vir Brouers en Distilleerders 1938.

## DRAFT ORDINANCE

To provide for the amendment of the law relating to the adoption of children.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:—

1. Paragraph (d) of sub-section (1) of section four of the Adoption of Children Ordinance, 1927 (Ordinance No. 10 of 1927), is hereby amended by the addition of the following proviso at the end thereof:—

“provided that the official appointed as Registrar of Adopted Children, in terms of Government Notice No. 154 of 1927, which is dated the tenth day of September, 1927, may validly consent to the adoption, instead of the child, where such official is satisfied:

- (i) that the child would himself consent to the adoption if he were asked to elect whether he desired to be so adopted;
- (ii) that, under the circumstances of the case, it would not be in the interests of the child to be informed of the fact of the adoption.”

This Ordinance shall be called the Adoption of Children Amendment Ordinance, 1938.

## DRAFT ORDINANCE

To provide for the amendment of the law relating to the payment of licence duty by brewers of beer.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:—

1. Paragraph (a) of section one of the Brewers and Distillers Licences Duty Proclamation, 1924 (Proclamation No. 3 of 1924), as amended by the Brewers and Distillers Duty Amendment Ordinance, 1937 (Ordinance No. 14 of 1937), is hereby further amended by the addition of the following words at the end of sub-paragraph II thereof:

“Sales under such licence shall be limited to the following hours — viz:

Weekdays . . . . .	8 a.m. to 6 p.m.
Saturdays . . . . .	8 a.m. to 1.30 p.m.

No sales shall be permitted on Sunday, Good Friday or Christmas Day.”

2. This Ordinance shall be called the Brewers and Distillers Licences Duty Amendment Ordinance, 1938.

**ONTWERPORDONNANSIE**

Om voorsiening te maak vir die wysiging van die wet met betrekking tot die invoer na en die verspreiding binne die Gebied van insekteplae en byesiektes.

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suidwes-Afrika, as volg:—

1. Artikel *sewentien* van die Landbouplae Ordonnansie 1927 (Ordonnansie No. 11 van 1927) word hierby gewysig deur skraping van subartikels (1) en (2) daarvan, en die vervanging van die volgende subartikels:—

- (1) Niemand mag uit enige oorseese plek
- (a) bye of hul larwes of eiers;
- (b) heuning, gebruikte bykorwe, gebruikte gereedskappe of toestelle van bykorwe, of enige ander dinge wat gebruik was om bye, heuning of bywas te bevat of te behandel;

na die Gebied invoer of laat invoer nie.

- (2) Die bepalings van subartikel (1) kan by Proklamasie van die Administrateur in die *Offisiële Koerant* op enige in Afrika geleë gebied, onverskillig of Britse of vreemde, behalwe die Unie van Suid-Afrika, toegepas word, en die Administrateur kan op soortgelyke wyse sodanige Proklamasie terugtrek.

2. Hierdie Ordonnansie kan as die Wysigingsordonnansie op Landbouplae 1938 aangehaal word.

**ONTWERPORDONNANSIE**

Om voorsiening te maak vir die wysiging van die wet met betrekking tot die bestuur van dorpe en ander gemeentes met uitsondering van munisipaliteite.

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suidwes-Afrika, as volg:—

1. Die Ordonnansie op Dorpsbesture 1937 (Ordonnansie No. 16 van 1937) word hiermee gewysig deur die volgende artikel na artikel *veertien* as artikel *veertien bis* in te voeg:—

“14 bis. Nieteenstaande die bepalings van artikel *vyf-en-dertig* van die “Publieke Gezondheids Wet 1919” (Wet No. 36 van 1919) van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika, soos gewysig en op hierdie Gebied toegepas deur Proklamasie No. 36 van 1920, is dit die plig van ’n Bestuur om voorsiening te maak vir die begrafnis van alle behoeftiges wat binne die gebied van so ’n Bestuur sterwe, behalwe dié wat in ’n gevangenis sterwe; en die Bestuur word hiermee gemagtig enige uitgawe wat daarvoor nodig is te maak, nieteenstaande die bepalings van artikel *twee-en-twintig*.”

Indien enige behoeftige wat binne ’n gebied sterwe nie in so ’n gebied vir ten minste drie maande gewoon het nie onmiddellik voor sy dood, kan die Bestuur binne wie se gebied hy sterwe die uitgawe terugkry wat noodsaaklikerwys gemaak is in verband met sy begrafnis van daardie Munisipaliteit of Bestuur binne wie se regsgebied hy laaste gelewe het vir ’n onafgebroke tydperk van drie maande, en indien hy nie vir ’n onafgebroke tydperk van drie maande binne die regsgebied van enige Munisipaliteit of Bestuur gelewe het nie, kan die Bestuur binne wie se gebied hy sterwe sodanige uitgawe van die Administrasie terugkry.”

2. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Dorpsbesture 1938.

**DRAFT ORDINANCE**

To provide for the amendment of the law relating to the introduction into and spread within the Territory of insect pests and bee diseases.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:—

1. Section *seventeen* of the Agricultural Pests Ordinance, 1927 (Ordinance No. 11 of 1927), is hereby amended by the deletion of sub-sections (1) and (2) thereof, and the substitution therefor of the following sub-sections:—

- “(1) No person shall import or cause to be imported into the Territory from any place oversea
- (a) bees, or their larvae or eggs;
- (b) honey, used beehives, used beehive accessories or appliances or any things which have been used to contain or manipulate bees, honey or beeswax.

- (2) The provisions of sub-section (1) may, by Proclamation of the Administrator in the *Gazette*, be applied in respect of any territory, British or foreign, other than the Union of South Africa, situate in Africa, and the Administrator may in like manner withdraw such Proclamation.”

2. This Ordinance may be cited as the Agricultural Pests Amendment Ordinance, 1938.

**DRAFT ORDINANCE**

To provide for the amendment of the law relating to the management of villages and other communities not being municipalities.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:—

1. The Village Management Boards Ordinance, 1937 (Ordinance No. 16 of 1937), is hereby amended by the insertion of the following section after section *fourteen* as section *fourteen bis*:—

“14 bis. Notwithstanding the provisions of section *thirty-five* of the Public Health Act, 1919 (Act No. 36 of 1919), of the Parliament of the Union of South Africa, as amended and applied to this Territory by Proclamation No. 36 of 1920, it shall be the duty of a Board to provide for the burial of all destitute persons who die within its Area other than those who die in gaol; and the Board is hereby authorised to incur any expenditure necessary therefor, notwithstanding the provisions of section *twenty-two*.”

If any destitute person who dies within an Area has not lived in such Area for at least three months immediately prior to his death, the Board within whose Area he dies may recover the expenditure necessarily incurred in connection with his burial from that Municipality or Board within whose Area of jurisdiction he last lived for a continuous period of three months, and if he has not lived for a continuous period of three months within the area of jurisdiction of any Municipality or Board, the Board within whose Area he dies may recover such expenditure from the Administration.”

2. This Ordinance shall be called the Village Management Boards Amendment Ordinance, 1938.